***UIT DIE PEN VAN DIE CEO (44/24)***

**(Follow me on X justchad_cga)**

*Justin Chadwick 1 November 2024*

***"Education isn't something you can finish" Isaac Asimov***

## 2024 POMELO SEISOENSOORSIG: 'N MEES ONGEWONE SITRUSSEISOEN

Pomelo-verpakking vir uitvoer is op 14,8 miljoen kartonne (17 kilogram-ekwivalente) geraam, byna 14% meer as verlede jaar se 13,0 miljoen kartonne. Dit was as gevolg van die herstel van die droë toestand wat vorige jare in die noordelike gebiede ervaar is. Die skatting (wat middel Maart opgestel is) het ook verwag dat die oes soortgelyk aan die 2022-seisoen sal wees. Die skattingsvolumes vir 2024 sluit volumes in wat beskikbaar is vir verwerking (PP-graad of Klas 3).

Die finale volume wat verpak is, het op 12,7 miljoen kartonne gekom, byna 14% onder die skatting. Die verlaging was weens 'n aantal onvoorsienbare faktore – soos klein vruggrootte, kleurontwikkelingsuitdagings en gunstige plaaslike sappryse.

Die grootste streek (Letsitele) met 4 miljoen kartonne was 20% onder die skatting; Hoedspruit op 3,3 m-kartonne was 12% onder die skatting, terwyl Onderberg op 1,6 m 16% onder die skatting was.

Rooi pomelo's het 'n hoogtepunt bereik by grootte 40, 45 en 50. Wit pomelo het 'n hoogtepunt bereik by grootte 45, 40 en 50. Hierdie seisoen was die piekweke vir verpakking vanaf week 16 tot week 21, teen 'n gemiddelde verpakkingstempo van 870 000 kartonne per week.




Die EU bly die grootste mark vir Suider-Afrika se pomelo's – wat sowat 83 000 ton invoer. China se pomelo-invoer vanaf SA het toegeneem vanaf 34 000 ton in 2023 tot 36 000 in 2024. Hierdie toename word meestal toegeskryf aan die hoër persentasie PP-graad vrugte wat na China uitgevoer word. Rusland se invoer het ook van 20 000 ton tot 22 000 ton toegeneem, net voor Japan (19 000 ton in 2024). En laastens, die VSA (10 000 ton) rond die top vyf markte af.

## CGA *CITRUS SUMMIT*: SLEUTELSPREKER BRETT ARCHIBALD

Brett Archibald het meer as 28 uur in die Indiese Oseaan oorleef nadat hy van 'n boot geval het op 'n branderplankry-reis na Bali. Die tema van die CGA *Citrus Summit* ("Tough times don't last, tough people do") maak Brett se ervaring intens relevant. Hy is een van die vele insiggewende sprekers by die 2025 CGA *Citrus Summit*, wat in Maart in Gqeberha gehou word. Kom en hoor sy storie.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Einde van Week 43<br>Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronk-like skatting | Nuutste voorspelling | Finaal gepak | *Vision* 260 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bron: PPECB/AGRIHUB** | 2022 | 2023 | 2024 | 2023 | 2024 | 2024 | 2024 | 2023 | 2024 |
| Pomelo's | 17.8 m | 14.7 m | 14.4 m | 13.9 m | 14.1 m | 16.8 m | 14.4 m | 14.7 m | 16.2 m |
| Mandaryne | 34.2 m | 38 m | 41.6 m | 37.8 m | 41.2 m | 43 m | 41.6 m | 38.0 m | 39.6 m |
| Suurlemoene | 37.6 m | 35.6 m | 34.7 m | 35.5 m | 34.5 m | 37.9 m | 34.7 m | 35.6 m | 39 m |
| Nawels | 30.1 m | 24.8 m | 25.1 m | 24.6 m | 24.7 m | 25.7 m | 25.1 m | 24.8 m | 22.3 m |
| Valencias | 57 m | 52 m | 48.7 m | 50.1 m | 48.2 m | 58.3 m | 48.7 m | 52.0 m | 55.4 m |
| **Totaal** | **176.6 m** | **165.1 m** | **164.5 m** | **161.9 m** | **162.7 m** | **181.7m** | **164.5 m** | **165.1 m** | **172.5 m** |

***THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE CITRUS GROWERS' OF SOUTHERN AFRICA***